Vrydag 17 April
Skrifgedeelte: 2 Samuel 12
Fokusgedeelte: 2 Samuel 12b (AFR83)

## God se genade kanselleer nie die gevolge van ons sonde uit nie

Dawid het in ernstige sonde geval deur egbreuk te pleeg met Batseba en daarna ook nog die moord op Uria, om dit toe te smeer. Vir 'n tyd lank het Dawid sy hart verhard. Hy het die gedink dat hy sy sonde suksesvol weggesteek het. Maar God het in sy regverdigheid en genade die profeet Natan gestuur om hom daaroor te konfronteer.

Natan se gelykenis sny reguit na die hart van die oortreding. Dawid is vinnig om die onreg van die fiktiewe oortreder te oordeel, maar sien nie die balk in sy eie oog nie. Hy besef nie dat hy onwetend oordeel oor homself uitspreek nie. Dan kom die deurdringende woorde: *"Jy is die man"* (vs 7). God ontbloot Dawid se sonde en die toestand van sy hart deur die bediening van sy Woord. Dawid reageer onmiddellik en opreg: "Ek het gesondig teen die Here." Dit is ware bekering. Dit is hoekom die Woord aan hom bedien is. Die Here roep hom daardeur om sy eie ellende te erken en vergifnis by die Here te soek.

Dan sê Natan ook verder dat die HERE sy sonde vergewe het. Hier sien ons die wonderlike genade vir sondaars. Vergifnis is nie gebaseer op Dawid se verdienste nie, maar op God se genade wat Hy aan die mens betoon. Geen mens kan regverdig voor God staan nie. In Christus alleen is daar vergifnis vir ons oortredings. Hy het die volkome gehoorsame lewe geleef en gee daardie regverdigheid vir ons.

Die Here bedien ook sy Woord aan ons wat in ons harte moet insny sodat ons deur die werk van die Gees ons sonde raaksien. Hoe heerlik is daardie sondebesef wat die Gees ons van oortuig, want dan smag ons van harte na ons Verlosser, Jesus Christus en die besef van vergifnis en herstel van ons verhouding met God.

*Sing Psalm 32-1:3*

*Ds. CB (Brahm) Robinson (Bellville-Oos)*